**DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG**

# Die Basuin

6 Maart 2022



Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Psalm 116 |
| **Tema** | Beantwoord Jesus se verlossing met dankbaarheid! |
| **Sang** | Psalm 146: 1, 8<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Psalm 61: 4, 6<br>Skrifberyming 1-1: 6, 7<br>Psalm 134: 4<br>Skrifberyming 14-1: 2, 3 |

Die Hebreeuse woord wat in v 16 gebruik word, en vertaal is met “kneg” (OAV) of “dienaar” (NAV), kan letterlik as “slaaf” vertaal word. In die Grieks-Romeinse wêreld is slawe as eiendom beskou. Dit was van so ’n aard dat slawe in die oë van die reg van daardie tyd as “goed” of “besittings”, eerder as “mense”, beskou was. Indien jy dus iemand se slaaf was, het jy aan daardie persoon behoort en daarom was jy verplig om hom te gehoorsaam, sonder enige teenstand. Die digter beskou homself as ’n slaaf van die Here, en dan gee hy ook die rede daarvoor in v 16, wanneer hy sê dat die Here hom vry gemaak het. Dit is ook juis oor hierdie vryspraak dat die digter sy lewe aan die Here verskuldig is en daarvoor wil hy die Here met ’n dankoffer loof. Ons noem Jesus ons Here.

Daardeur bely ons dat ons sy eiendom is en dat Hy absolute besittingsreg oor ons het (vgl. HK So. 13). Christus het ons verlos van die harde juk wat die sonde op ons geplaas het. Christus was bereid om slaaf te word, sodat ons bevry kan word (Fil. 2:7).

Sy bloed het die prys geword waarmee Hy ons van die sonde losgekoop het. Sy juk is waarlik sag (Matt. 11:28-30). Boonop is sy genade só groot dat ons Here ons nie weer onder die juk van slawerny plaas nie. Alhoewel ons dit verdien om slawe te wees, is sy genade só groot dat Hy ons sy kinders noem (Rom. 8:15). Die genade van God is nóg groter as net dit. Die feit dat ons kinders van God is, maak dat ons ook erfgename van al die rykdom van God se koninkryk is (Gal. 4:7).

Hoe kan 'n mens ooit die Here vergoed vir al sy genade? Is daar iets wat 'n mens aan die Here kan gee om dankie te sê? Hierdie lied kry sy vervulde betekenis in Jesus Christus. As dit nie vir Hom was nie, was dit klaarpraat met ons. Dan het ons die ewige dood tegemoet gegaan. Dan was daar vir ons geen vooruitsig ná hierdie lewe nie. Daarom kan ons ook nou saam met al die gelowiges sing dat die Here ons die ewige heerlikheid gegee het. Elkeen wat dit van harte glo, moet die Here daarvoor loof en prys en sy hele lewe as 'n dankoffer aan die Here wy.

Die geskenk van die ewige lewe het immers die bloed, die lewe, van Jesus Christus gekos. Daaraan herinner die nagmaal ons ook. Die wete maak mens oneindig dankbaar!

## OOG VIR MEKAAR



* Baie geluk aan Linelle O'Reilly en Francois Nel wat vandag openabre belydenis van hulle geloof aflê. Baie geluk aan Martin, Rehanna en ouma Dina O'Reilly en Chris en Madeleen Nel.
* Baie geluk Shawn en Annemarie Koekemoer met die geboorte van julle tweeling. Baie geluk aan Douw en Marietjie Venter, Theuns en Brenda Koekemoer en oumagrootjie, tannie Esther Venter.
* Baie geluk aan Adriaan en Elzje vd Walt wat verlede week 'n kleinkind ryker geword het. Ons is dankbaar dat dit met Adriaan se gesondheid goed gaan na die hartomleiding.
* Baie geluk aan Rika Jongbloed wat 'n kleinseun ryker geword het.
* Ons bid vir Johan van Biljon wat 'n nuwe hartklep ontvang het. Hy is tans in die Urologiese hospitaal in Pretoria. Seën vir jou en Annemarie.
* Louis Marx is ontslaan na sy operasie, maar sterk in Pretoria aan. Ons bid vir hom en Gerda.
* Ons bid vir tannie Ans vd Walt wat die afgelope week longontsteking opgedoen het. Mag die Here julle gesin in die geloof versterk en seën met haar versorging.
* Ons bid vir Theuns Botha en familie vir geloofskrag. Hy is gediagnoseer met 'n kwaadaardige gewas in sy rug.
* Ons bid saam met Japie en Hantie Hoogenboezem vir Su-mari se voortgaande herstel na die breinoperasie.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 6 MAART

**Diensbeurt:** Wyk P7

**Katkisasie:** Graad 3

**Ouderling:** Francois Lessing

**Diaken:** Antonie Weideman

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



***6 Maart 2022***

**Nelie Badenhorst**
**Benita Barkhuizen**
**Alwina Beyeneveldt**
**Elzanne Botha**
**Lynn-Marie Combrink**

***20 Maart 2022***

**Rita Du Plessis**
**Lilian Ferns**
**Annaleen Grobler**
**Elaine Grobler**
**Hannelie Kruger**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 6 Maart 2022 | Na erediens | ***Kerk*** | Aktiwiteitskommsissie |
| 8 Maart 2022 | 09:00 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 8 Maart 2022 | 10:00 | ***Kerk*** | Silwerdoppers |
| 9 Maart 2022 | 19:00 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 9 Maart 2022 | 19:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 10 Maart 2022 | 09:30 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 10 Maart 2022 | 19:00 | ***ZOOM*** | Bybelstudie |



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 7 Mrt | JP Cotsee | 13 | D | 079 490 2678 |
| Vr 11 Mrt | Linelle O'Reilly | 18 | D | 082 048 2413 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| So 6 Mrt 2010 | Johann & Anna-Mart Maré | 12 | 082 318 7263<br>081 042 1782 |
| Do 10 Mrt 2001 | Francois & Alta Pretorius | 21 | 071 588 1903<br>074 145 8923 |
| Vr 11 Mrt 2007 | Egbert & Tavia Mooi | 15 | 083 310 6277<br>083 310 6266 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Die Gees en die bruid sê: “Kom!”**
**En elkeen wat dit hoor, moet sê: “Kom!”**
**En elkeen wat dors het, moet kom;**
**elkeen wat die water van die lewe wil hê,**
**moet dit kom kry, verniet!**


**Openbaring 22: 17**

## SILWERDOPPERS

**Die Silwerdoppers word hartlik uitgenooi om almal saam op 8 Maart om 10:00 te gaan *“Ten Pin Bowling”* speel en lekker koffie en tee te drink.**

**Ons kom eers by die kerk bymekaar en vertrek dan saam na Savannha Mall.**

**Vir meer inligting skakel Marina vd Walt op 072 135 6905.**



# KERKRAAD

Ter approbasie word die volgende broer aan die gemeente voorgehou as diaken:


**Diaken:**
Thinus vd Walt
Corne v Greunen

Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.

# ATTESTATE ONTVANG

Die volgende lidmate word hartlik in die gemeente verwelkom :

***Belydende lidmate:***
Corné en Michell van Greunen vanaf GK Potgietersrus-Wes, asook Tilla Engelbrecht vanaf GK Potgieterus.
***Opgeneem:***
Br. Paul van der Merwe is as lidmaat van die Gereformeerde Kerk Pietersburg opgeneem.



Ons hoop dat julle welkom sal voel hier in ons midde.

# NAGMAAL ETE

Lidmate wat die **Nagmaal ete op 13 Maart 2022** wil bywoon moet asb hulle name op die lys plaas wat agter in die portaal op gesit is.




Neem asb kennis dat daar **twee eredienste** sal wees en dat die ete dus na die tweede diens sal wees.

Die susters word versoek om soos wat die gewoonte is met 'n Nagmaal ete asb dan **'n slaai saam te bring**. Onthou ook om eie eetgerei ens te bring.

***ONTHOU ASB ! ! ! ! ! ! ! ! ! !***
***Die susters van blok A is verantwoordelik vir nagereg by die Nagmaal ete.***

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Twee van die gemeente se seuns is gekies om vir hulle skool (Suid Skool) se onder 9 & 10 rugby spanne te speel.

Die skool gaan vanaf 16 tot 18 Maart 2022 op 'n rugby toer en die koste beloop R 1 500 per speller.



Ons vra die gemeente om asb te help met skenkings om die twee seuns instaat te stel om ook die rugby toer saam met hulle spanmaats mee te maak.

# NAGMAAL

Lidmate moet ASB kennis neem van die volgende:

* **Nagmaal sal op 13 Maart 2022 om 09:00 en dan weer om 11:00 plaas vind.**
* Lidmate **MOET** bespreek vir **EEN** van die **TWEE** dienste.
* Lidmate wat Nagmaal aan tafel wil gebruik **(vir families) moet so bespreek**, daar is 5 tafels per diens beskikbaar.
* Die ander lidmate sal die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en Nagmaal in die banke gebruik.
* Die Nagmaal ete sal na die 2de diens om 12:15 bedien word.



**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | **admin@gereformeerd.co.za** |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Hoe sal ek die Here vergoed*
*vir al sy weldade aan my?*
*Met 'n drankoffer sal ek van sy redding*
*getuig en die Naam van die Here aanroep.*
*My geloftes aan die Here sal ek betaal*
*in die teenwoordigheid van sy hele volk.*

*Psalm 116: 12 - 14*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS